



# Oosgrensafrikaans: 'n te eksklusiewe begrip?

H.P. Grebe  
Departement Afrikaans  
Universiteit van Pretoria  
PRETORIA  
E-pos: grebe@libarts.up.ac.za

## Abstract

### Eastern Cape Afrikaans (Oosgrensafrikaans): as concept too exclusive?

*Based upon historic-geographical considerations Van Rensburg (1984:514; 1989:436-467; 1990:66-67) distinguishes three early varieties of Afrikaans, i.e. Eastern Cape Afrikaans (Oosgrensafrikaans), Cape Afrikaans (Kaapse Afrikaans) and Orange River Afrikaans (Oranjerivierafrikaans). Standard Afrikaans is then considered to be based upon Eastern Cape Afrikaans. In the light of especially this last claim, the theoretical status of Eastern Cape Afrikaans becomes of paramount importance in any study delving into the development of the Afrikaans language.*

*This article discusses the outcome of a critical analysis of relevant literature dealing with particularly Eastern Cape Afrikaans. The outcome of this analysis has indicated that the theoretical basis upon which the positing of Eastern Cape Afrikaans as an early separate variety of Afrikaans has been based, has serious theoretical flaws. A critical shortcoming of the present hypothesis bears upon the assumed geographical positioning of Eastern Cape Afrikaans. A culturally and numerically important component of the Cape Colony's burger population is seemingly not accounted for.*

*It is suggested that the possibility of broadening the geographical base of Eastern Cape Afrikaans should be considered. Serious empirical research should also be undertaken before any claim regarding the genealogy of Standard Afrikaans could be considered at all.*

## 1. Inleiding

Veral in die werk van Van Rensburg (1984:514; 1989:436- 467 en 1990:66-67) word daar vanuit 'n intertaalperspektief opnuut na Afrikaans gekyk. Hy onderskei op grond van linguisties-geografiese asook sosiale gronde tussen drie

historiese variëteite van Afrikaans. Ook ander taalkundiges soos Ponelis (1987: 9) en Du Plessis (1987a:108 e.v. en 1987b:144 e.v.) het bydraes in hierdie verband gelewer. Die volgende drie variëteite of dialekbundels word in hierdie vakliteratuur onderskei:

- Kaapse Afrikaans/Suidwestelike Afrikaans;
- Oranjerivierafrikaans/Noordwestelike Afrikaans en
- Oosgrensafrikaans/Oostelike Afrikaans.

Volgens Van Rensburg (1984:514; 1989:436-467 en 1990:66-67) het Oosgrensafrikaans ontwikkel uit niestandaardvorme van Nederlands wat gepraat is deur die Vryburgers en Veeboere wat later die binneland ingetrek het. Hierdie variëteit het as taalvorm vir 'n kort periode aan die Oosgrens van die vroeë negentiende eeu gestabiliseer en is die binneland in versprei. Dit vorm die basis van moderne Standaardafrikaans. Teenoor hierdie voortsettingsvariëteit is daar Kaapse Afrikaans wat teruggaan op intertaalvorme, en wat gepraat is deur die vroeë slawegemeenskap en hulle nakomelinge aan die Kaap. Ook Oranjerivierafrikaans is 'n kontakvariëteit en gaan terug op vreemdetaalverwerwing van 'n vorm van Niestandaardnederlands deur Koisprekendes. Dit word tans gepraat deur hoofsaaklik die bruin mense van die Kaapse noordwestelike binneland, die Suid-Vrystaat asook dele van Suidwes-Natal en Griekwaland-Oos.

Soos reeds vermeld, word Oosgrensafrikaans vandag deur Van Rensburg beskou as die brondialek van Standaardafrikaans. Ongelukkig word hierdie hipotese deur baie min konkrete navorsing ondersteun. As hierdie veronderstellings wel gegrond is, sal die volgende vrae bevredigend beantwoord moet word:

- Wie presies was die sprekers van Oosgrensafrikaans?
- Wat was die onderskeidende linguïstiese kenmerke van Oosgrensafrikaans?
- Kan daar subvariëteite van Oosgrensafrikaans onderskei word?

Eers dan kan 'n vollediger beeld van die geskiedenis van Afrikaans gerekonstrueer word. Veral die eerste vraag sal hier onder die loep kom.

Wat hierdie vraag betref, ontstaan ernstige probleme wat voortspruit uit die definiëring van Kaapse Afrikaans en Oosgrensafrikaans in tersaaklike vakliteratuur. Die kern van die probleem sentreer in die vraag na die variëteit(e) van Afrikaans wat ongeveer 160-200 jaar gelede in die Trekboergebiede buite die Kaapse Skiereiland en die Boland gebesig is.

Die vraag is in hoe 'n mate 'n term soos "Oosgrensafrikaans" asook die definisie van hierdie begrip in vakliteratuur die werklike aard van die destydse taalopset weerspieël. Rus die hipotese dat Oosgrensafrikaans, die latere Transvaalse Afrikaans, die grondslag vorm van Standaardafrikaans – sonder dat die Afrikaans van die bewoners elders in die destydse Kaapkolonie dus vermeld word – op

stewige teoretiese en empiriese gronde? Ten einde antwoorde op hierdie vraag te verskaf, is dit dus noodsaaklik om groter helderheid te verkry oor die onderlinge verhouding tussen veral Kaapse Afrikaans en Oosgrensafrikaans. 'n Ander moontlikheid as dié dat Standaardafrikaans gebaseer is op Oosgrensafrikaans soos wat dit tans in vakliteratuur gedefinieer word, bestaan egter steeds. Dit is naamlik moontlik dat Standaardafrikaans kon gegroei het uit 'n betreklik homogene, maar veranderlike variëteit wat gepraat is in die destydse Trekboergebiede van die Overberg en die gebiede onmiddellik noord en wes van die Boland tot aan die grense van die Kolonie in die ooste.

So 'n inklusiewer siening maak dit makliker om op 'n geïntegreerde wyse verantwoording te doen van die onteenseglik belangrike invloed wat moet uitgegaan het van intertaalvariëteite soos Kaapse Afrikaans omdat 'n natuurlike "osmoseproses" dan veel waarskynliker en gemakliker sou kon verloop het, as wanneer die basis van Standaardafrikaans ver in die oostelike trekboergebiede (en die Transvaal) afgesonder word. Belangrike kultuurharde soos Genadendal kon dan ook meegespeel het in die standaardiseringsproses van Afrikaans.

Die bovermelde alternatiewe siening plaas dus die volgende taalvorme in die brandpunt: die taalvorm van die burgers en ander lede van hulle taalkring ten ooste en noorde van die eerste Kaapse bergreekse (d.i. die destydse Land van Waveren en verder wes, die Breëriviervallei, die Overberg, die Suid-Kaap, en aangrensende binneland) en die begin van die verre Oosgrensgebied met Graaff-Reinet en Grahamstad as sentrum. Na hierdie gebied word verder in hierdie artikel verwys as die *tussengebied*.


Verderaan sal gewens van die tersaaklike vakliteratuur oor die historiese indeling van Afrikaans se dialekte uiteengesit word, en sal gepoog word om die verskillende sienings te integreer. Daar sal ook aangetoon word dat die genoemde *tussengebied* probleme belig wat ernstige implikasies het vir die plek van Oosgrensafrikaans binne die groter geheel van Afrikaans.

## 2. Die drie dialekte

Kaart 1 hieronder (voorgelê deur M.C.J. van Rensburg tydens 'n lesing voor die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, 1989) gee 'n aanduiding vanwaar die onderskeie historiese variëteite van Afrikaans voorgekom het/steeds voorkom.

## Kaart 1

### Die drie historiese variëteite van Afrikaans



In sy uiteensetting van hierdie driedeling beroep Van Rensburg (1989:438 e.v.) hom op argumente deur Du Plessis (1987a:108 e.v. en 1987b:142 e.v.). In genoemde werke voer Du Plessis argumente aan vir die bestaan van die onderhawige drie variëteite van Afrikaans. Hy grond sy argumente hoofsaaklik op die beskouing van die Nederlander, C.J. van Rijn. Dit sal dus gerade wees om hier vlugtig op die beskouinge van Van Rijn in te gaan. Van Rijn (1914:9) onderskei drie vorme van Kaaps-Hollands, te wete:

- Burgerhollands;
- Kleurlinghollands; en
- Boerehollands.

Van Rijn (1914:10) karakteriseer Burgerhollands as die Hollands soos dit gepraat is in veral Kaapstad, die Paarl en Stellenbosch, en beskrywe dit as “fijn Hollands” met die *de/het*-paradigma nog lewend. Die “kwaliteit” van hierdie vorm van Nederlands neem ná 1806 sterk af, sê hy (1914:12), veral onder invloed van die taal van die kleurlinge. Volgens Van Rijn (1914:12) was hierdie vorm van Nederlands teen 1913 nog nie dood nie, maar Du Plessis (1987b:145) meen dat hy hom hier aan oordrywing skuldig maak, “(in)die lig van sy eie argumentasie ..., want die taal van die bruines het sterk op dié van die verengelste burgers ingewerk”. Van Rijn (1914:13) wys voorts daarop dat Marchand van dié vorm van Nederlands beweer het dat dit “geen Afrikaans” is nie.

Teenoor hierdie nog betreklik Nederlandse Hollands was daar volgens Van Rijn (1914:16) aan die Kaap ook nog 'n ander vorm van Nederlands, naamlik Kleurlinghollands. Dit is dikwels getipeer as "Slawe- en Mardijkers-Hollands". Hierdie taalvorm was volgens hom "krom en arm Hollands". Du Plessis (1987b: 145) verwys na hierdie taalvorm as Griekwa-Afrikaans en stel dit gelyk aan Van Rensburg se term *Oranjerivierafrikaans*. Na 1806 het Kleurlinghollands nader beweeg aan Burgerhollands. Hierdie "verbeterde" Kleurlinghollands is egter volgens Du Plessis (1987b:146) 'n versmelting tussen Burgerhollands en die Kleurlinghollands van voor 1806 en volgens hom dieselfde as Van Rensburg se Kaapse Afrikaans.

Hieruit sou dus afgelei kan word dat Du Plessis Kaapse Afrikaans sien as 'n versmelting tussen wat Van Rijn as Burgerafrikaans en Kleurlinghollands beskou het, terwyl hy Oranjerivierafrikaans as 'n direkte voortsetting van Van Rijn se Kleurlinghollands beskou.

Boerehollands was volgens Van Rijn (1914:16) iets anders as Burgerhollands of Kleurlinghollands en was 'n vorm van Hollands wat deur afsondering 'n natuurlike proses van vereenvoudiging ondergaan het. Dit is na 1745 deur die Trekboere na die destydse Oosgrens versprei en later deur die Groot Trek na die binneland. Van Rijn (1914:12) beskou hierdie Boerehollands as vry van enige invloed van Kleurlinghollands en stel dit gelyk aan die soort Afrikaans wat later in Standaardafrikaans sou "ontwikkel". Du Plessis (1987b:145) sê dit is dieselfde soort Afrikaans as waarna Van Rensburg as Oosgrensafrikaans verwys.

Ter motivering van sy siening vir die bestaan van drie historiese Afrikaanse dialekte beroep Van Rensburg (1989:439) hom ook op Ponelis (1987:9) wat drie dialekbundels onderskei en wat volgens Van Rensburg ooreenkom met die indeling wat hy maak. Dit is dus ook nodig om Ponelis se beskouing vlugtig onder oë te neem.

Ponelis (1987:9) onderskei tussen Suidwestelike, Noordwestelike en Oostelike Afrikaans. Suidwestelike Afrikaans, ook genoem Kaapse Afrikaans, word gepraat in die Kaapse Skiereiland, die Boland en Noord-Boland, die Sandveld, die Swartland, die Overberg en die Klein-Karoo.

Die gebied van Noordwestelike Afrikaans is Namakwaland, westelike Boesmanland, die Richtersveld en die suide van Namibië.

Die gebied van Oostelike Afrikaans beslaan die grootste gedeelte van die Kaapse binneland, die Vrystaat, die voormalige Transvaal en KwaZulu-Natal. Verder beweer Ponelis ook dat Standaardafrikaans op die basis van Oostelike Afrikaans gestandaardiseer is. Hy sê voorts: "[n]og oostelike nóg suidwestelike Afrikaans is die eksklusiewe besit van 'n bepaalde bevolkingsgroep: albei word deur groot

getalle sowel blankes as gekleurdes gepraat” (Ponelis, 1987a:10). Net ’n paragraaf of wat verder staan egter ook die volgende:

Nogtans het die volle laag stigmatisering waardeur suidwestelike Afrikaans getref is, ongelukkig die uitwerking gehad dat dié mense wat Kaapse Afrikaans die langste en konsekwentste bly praat het, naamlik die bruin mense die ergste daardeur getref word ...

De Villiers en Ponelis (1987:44-45) meld voorts dat in die gebied van Suidwestelike Afrikaans die grootste mate van dialektiese verskeidenheid in Afrikaans voorkom. Teenoor tipies Kaapse variante soos hoë [ɛ] voor [k], effense of drastiese verhoging van /e:/ en /o:/, die bry-r, helder [a] en [a:], en [v] na konsonante, maak hy ’n verdere fyner variëteitsonderskeiding.

Kaapse Vernakular-Afrikaans waarvan die duidelikste vorm in Kaapstad voorkom, kan naamlik op grond van sekere kenmerke van algemene Kaapse Afrikaans onderskei word. ’n Twaalfstal variante tipeer hierdie subvariëteit van Kaapse Afrikaans (De Villiers & Ponelis 1987: 45). Hieronder is die volgende die opvallendste: [ɔ̃] soos in [ɔ̃ʒas] ‘jas’; [tʃ] soos in [bitʃi] ‘bietjie’; algemene verlagings van schwa tot [a] soos in [xasɛ:]; ’n aansienlik hoër mate van /r/-verlies as in ander variëteite, byvoorbeeld [ba:t] ‘baard’; [d]-invoeging soos in [xəsɛ:dət]; en ’n algehele gebrek aan nasalering.

### 3. Probleme met die siening van die drie historiese dialekte

Die definiëring van die drie Afrikaanse variëteite deur die onderskeie navorsers bring ’n hele aantal uiters belangrike kwessies na vore. Van Rensburg se beroep op Du Plessis en Ponelis as ondersteunende evidensie vir sy hipotese van drie historiese Afrikaanse variëteite dwing die leser ook as ’t ware om die drie sieninge van die onderskeie navorsers te integreer. In hierdie verband ontstaan veral ernstige onduidelikhede omdat die drie versies oor die variëteite van Afrikaans op kardinale punte van mekaar verskil. Van die vernaamste vraagstukke wat verband hou met die saamlees van die drie sieninge is die volgende:

- Presies hoe moet die taalgelykheid van ’n belangrike spraakgebied (die vermelde tussengebied) binne die driedialekhipotese verdiskonteer word?
- Presies wat word met Kaapse Afrikaans bedoel; wie praat dit en wat is die onderskeidende kenmerke daarvan?
- Presies wat is die verhouding tussen die historiese variëteite wat onderskei word enersyds, en hedendaagse variasie andersyds?

’n Verdere uiters belangrike kwessie wat aandag verdien, sentreer in die probleme wat verband hou met die linguïstiese definiëring van Oosgrensafrikaans as ’n

onderskeie historiese variëteit van Afrikaans. Hieraan sal in hierdie artikel nie verdere aandag bestee word nie.

### 3.1 Die probleem van die tussengebied

Hieronder word die werk van Van Rensburg tesame met dié van Du Plessis en Ponelis van nader beskou. Waar daar onduidelikheid bestaan oor hoe die onderskeie sienings saamgelees moet word, sal probeer word om dit uit te wys. In hierdie artikel sal die vraagstukke rondom veral die eerste twee vroeë hierbo aandag geniet.

Een van die opvallendste probleme wat telkens opduik, hou verband met wat in hierdie artikel die probleem van die "tussengebied" sal heet. Die kern van hierdie probleem hou verband met die wyse waarop Kaapse Afrikaans en Oosgrensafrikaans in vakliteratuur gedefinieer word. Dit laat onduidelikheid ontstaan oor die posisie van die taalkring 160 tot 200 jaar gelede in die gebied tussen die eerste Kaapse bergreekse en die uitgestrekte verre Oosgrensgebied. Wat was byvoorbeeld die aard van die taalgebruik van hierdie kring in verhouding tot dié van Oosgrensafrikaans en tot Standaardafrikaans? Hieronder sal aangetoon word dat die driedialekhipotese hierdie belangrike gebied gewoon buite rekening laat.

#### 3.1.1 M.C.J. van Rensburg

Van Rensburg beskou Oosgrensafrikaans as 'n hoofsaaklik landelike variëteit van Afrikaans wat tussen 1770 en 1840 aan die destydse Oosgrens gepraat is. Op Kaart 1 beslaan dit die gebied ongeveer tussen die Groot-Brakrivier (Georgewing) en die Groot-Visrivier (Verre Oos-Kaap). Kaapse Afrikaans beslaan 'n gebied wat strek van Kaapstad tot by die eerste bergreekse.

Hierdie geografiese situering laat 'n groot en belangrike spraakgebied heeltemal buite rekening. Die taalgebruik van die Afrikaanstaliges van die Noord-Boland, Sandveld, Swartland, Overberg en Klein-Karoo word dus wesenlik geïgnoreer. Voorts laat die definisie van Kaapse Afrikaans as hoofsaaklik gebesig deur die nakomelinge van veral die vroeë slawegemeenskap aan die Kaap, saamgelees met die geografiese definiering van Oosgrensafrikaans 'n verdere probleem, of dan minstens 'n onduidelikheid ontstaan. Watter soort Afrikaans is deur die blanke nislawebevolking (d.i. die burgerbevolking) van die Kaapse gebied gepraat? Hoe het dit verskil of ooreengekom met Kaapse Afrikaans en Oosgrensafrikaans? Aan hierdie belangrike vroeë word in die vakliteratuur geen aandag bestee nie.

Hierdie twee groepe sprekers, naamlik dié van die tussengebied hierbo genoem, en die burgerbevolking van die gebied waarin Kaapse Afrikaans gepraat is, het in die tyd van die Groot Trek 'n meer as beduidende deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap uitgemaak. Volgens Muller (1987:146) het die Kaapkolonie teen 1834 'n totale bevolking van ongeveer 150 000 gehad. Hiervan was 70 000 blank

en 80 000 bruin (slawe en ander gekleurdes). Slegs ongeveer een derde van die totale bevolking het in die uitgestrekte Oosgrensgebied gewoon. Hiervan was 23 600 wit en 25 000 gekleur (slawe en Koikoi). Die blanke bevolking van die Oosgrens het ongeveer 4 000 Engelssprekendes ingesluit sodat slegs ongeveer 28% van die Afrikaanssprekende blankes aan die Oosgrens gewoon het. Die orige 72% het hoofsaaklik in die vermeldde tussengebied en die Boland gewoon.

As dus aanvaar word dat die burgerbevolking in die gebied van Kaapse Afrikaans nie sprekers van Kaapse Afrikaans was nie (vgl. die definisies soos deur Van Rensburg verstrek), en dat die burgerbevolking en ander lede van die spraakgemeenskap (Koikoi en slawe) van die tussengebied nie Oosgrensafrikaans gepraat het nie, word 'n beduidende gedeelte van die Afrikaanssprekende bevolking rondom die tyd van die Groot Trek nie deur die driedialekhipotese van Van Rensburg (1984:514; 1989:436-467 en 1990:66-67) verdiskonteer nie. Anders gestel: hierdie siening laat hom in hierdie stadium nie uit oor die aard van die taalgebruik van hierdie deel van die Afrikaanssprekende bevolking nie.

As ondersteuning vir sy onderskeiding van drie historiese Afrikaanse variëteite voer Van Rensburg (1989:441) geografiese getuienis aan wat berus op taalgeografiese gegewens van Louw (1948:bylae III). Louw het dialekgrense vasgestel vir die voorkoms van drie variante, te wete *nôi/nooi*; *meule/meul*; *leegte/laagte* en *leeg/laag*.

As die onderskeie dialekgrense op een kaart (Kaart 2, hieronder) aangebring word, oorvleuel die verskillende dialekgrense weliswaar, maar val dit op dat daar nietemin tussen 'n oostelike en westelike variëteit onderskei kan word. Hierdie verdeling vertoon volgens Van Rensburg (1989:441) opvallende ooreenkomste met sy historiese verdeling tussen Kaapse Afrikaans en Oosgrensafrikaans.

Hierdie gegewens van Louw dui egter óók op die bestaan van 'n groot tussengebied; dit is daardie gebied op Kaart 2 hieronder waar die onderskeie dialekgrense van die genoemde variante mekaar kruis. Ten opsigte van bepaalde variante lê die dialekgrense dus anders as vir ander, met die gevolg dat twee uiterste variëteite onderskei kan word: 'n westelike variëteit waarin konsekwent net westelike variante (*nôi*, *meule*, *leegte* en *leeg*) voorkom; of 'n oostelike variëteit waarin konsekwent net oostelike variante (*nooi*, *meul*, *laagte* en *laag*) voorkom. Maar ook 'n beduidende tussengebied kan onderskei word, te wete daardie gebied waarin én westelike én oostelike variante gebruiklik is, maar waar die keuse nietemin geografies gedetermineer word.


Van Rensburg (1989:441) meld gewoon: "... die ooreenkomste met die historiese verdeling tussen Kaapse Afrikaans en Oosgrens-Afrikaans (val) dadelik op". Vreemd genoeg, maak hy geen melding van die opvallende menggebied tussen 'n oostelike en westelike variëteit nie. Sy dialekhipotese laat daardie gebied gewoon



buite rekening en daar kan dus net gegis word oor hoe hy die taalgebruik van daardie gebied takseer.

## Kaart 2

### Die onderskeiding tussen Kaapse Afrikaans en Oosgrensafrikaans op grond van taalgografiese oorweginge



Oorgeneem uit Louw (1948:bylae III)

Die bestaan van 'n talig belangrike tussengebied word deur Von Wielligh (1925) onderskryf. Hy onderskei 'n spraakgebied genaamd Suidelike Distrikte wat strek van die distrik Swellendam in die weste tot by die begin van die distrik Port Elizabeth in die ooste. Oor die spraak van dié gebied beweer hy dat dit as gevolg van aansluiting by die Overbergse spraak nader staan aan Bolands as wat die Karoo-spraak aan Bolands is. Dit was trouens tot aan die begin van die negentiende eeu dieselfde as Bolands as gevolg van immigrasie uit dié streek. Verder stel hy dit ook dat die Maleierinvloed nie meer so sterk in hierdie gebied teenwoordig is nie. En dan maak hy die volgende belangrike opmerking: vanuit hierdie Suidelike Distrikte versprei Afrikaans volgens hom dan na die noorde.

Die gebied waarvoor Von Wielligh (1925:193-200) dit hier het, omvat 'n uiters belangrike gedeelte van die geïdentifiseerde tussengebied. Volgens Von Wielligh sluit die spraak van hierdie gebied nou aan by die spraak van die Boland, en oor wat hy opmerk ten opsigte van die verspreiding van Afrikaans vanuit dié gebied na die noorde, sou afgelei kon word dat die spraak van die genoemde gebied (die tussengebied) wesenlik dieselfde moet gewees het as die sogenaamde Oosgrensafrikaans. Indien dit wel die geval was, gee die begrip "Oosgrensafrikaans" 'n onvolledige beeld van die taaltoestande in die middel van die vorige eeu. 'n Term

soos “Burgerafrikaans” stel die taaltoestande in die vorige eeu miskien juister, naamlik dat daar naas die twee kontakvariëteite van Afrikaans ’n behoudender voortsettingsvariëteit (miskien ’n dialektbundel) was wat in ’n hoër mate onderlinge ooreenkomste as verskille getoon het.

Hierdie moontlikheid word ondersteun deur wat Le Roux (1910:32-33) oor dialektiese verskille in Afrikaans opmerk. Hy beweer die volgende:

- Dit is oor die algemeen moeilik om vir die waargenome variante grense aan te dui, alhoewel sekere klankverskynsels, byvoorbeeld lang *ie* en *oe* vir *ee* en *oo* tog streeksgebonde is.
- Hierdie verskille is hoofsaaklik daarin geleë dat sekere vorme in sekere gebiede sosiaal anders beoordeel word: wat dus in een gebied as “onbeskaafd” (ongepas) beskou word, geld elders as “beskaafd” (gepas).
- Hierdie verskille moet reeds vóór die Groot Trek bestaan het en, dan baie insiggewend, die Westelike Provinsie en veral die distrikte Paarl en Stellenbosch is af te skei van die res van die taalgebied.

Ook Le Roux sou dus myns insiens saamgestem het met die verdeling van Afrikaans in drie dialekte; hy gee byvoorbeeld self voorbeelde van Griekwa-Afrikaans (d.i. Oranjerivierafrikaans). Die grens tussen Kaapse Afrikaans en Oosgrensafrikaans sou hy egter, anders as Van Rensburg, welig so trek dat Oosgrensafrikaans die grootste gedeelte van die oorspronklike trekboergebied omvat en dus die genoemde tussengebied sou ingesluit het. ’n Verdere belangrike punt is dat hy die variëteitsverskille in Afrikaans sien as eerder bepaal deur sosiale as geografiese faktore.

### 3.1.2 F.A. Ponelis

Soos reeds vermeld is, onderskei ook Ponelis drie Afrikaanse dialektgebiede. Anders as by Van Rensburg, kom Kaapse Afrikaans volgens Ponelis oor ’n veel wyer geografiese gebied voor. In hoofsaak kom Ponelis se beskouing daarop neer dat die gebied wat as tussengebied geïdentifiseer is, volgens hom pertinent gereken word tot die gebied van Kaapse Afrikaans (vgl. in hierdie verband Ponelis, 1987: 9).

Ponelis se geografiese definiëring (1987:9) van Suidwestelike (Kaapse) Afrikaans in samehang met die fonologiese kenmerke wat hy vermeld (De Villiers & Ponelis, 1987:44-45), laat myns insiens twyfel ontstaan oor die verhouding tussen Kaapse Afrikaans en moderne Standaardafrikaans enersyds, en andersyds oor die verhouding tussen Kaapse Afrikaans oor die algemeen en Kaapse Vernakular-Afrikaans as ’n subvariëteit daarvan. Weer: aan die wortel van hierdie onduidelikheid lê die posisie van die tussengebied met betrekking tot Kaapse Afrikaans en Oosgrensafrikaans.

Hierdie probleem is deel van die sentrale vraagstuk oor die verdeling van Afrikaans in drie historiese variëteite en die standaardisering van Standaardafrikaans op basis van Oosgrensafrikaans. Gevolglik noodsaak hierdie kwessie 'n nadere analise:

- Soos Van Rensburg, beskou ook Ponelis (1987; 1992) Standaardafrikaans as gebaseer op Oostelike Afrikaans.
- In weerwil van die beskouing dat Standaardafrikaans 'n voortsetting van Oostelike Afrikaans is, definieer hy Suidwestelike Afrikaans ooreenkomstig tipiese kenmerke (vgl. De Villiers & Ponelis, 1987:44-45), uitgesonderd dié van Kaapse Vernakular-Afrikaans, wat myns insiens 'n wesenlike deel is van Standaardafrikaans. Dat hierdie kenmerke inherent deel van Standaardafrikaans vorm, word duidelik in die lig van wat Webb en De Villiers (1985:201) oor die nie-homogene aard van Standaardafrikaans beweer:

Dit beteken egter wel dat ons ons norme vir SA (d.i. Standaardafrikaans – HPG) nie so rigied moet stel nie, en bv. moet aanvaar dat taalvorme in SA op meer as een manier gerealiseer kan word. Voorbeelde van SA se heterogeniteit is die volgende:

(a) Fonologies

/ɛ/ → [ɛ] of [ɛ!]

Onverhoogde óf verhoogde /e/ en /o/

Ronde en ontronde abnormale voorvokale

.....

Verskillende grade van nasalering

/r/ → [r] of [R].....

/v/ → [v] of [w].....

.....

Die tiperende kenmerke van Kaapse Vernakular-Afrikaans wat stellig volgens Ponelis struktureel deel van die Kaapse dialektbundel uitmaak, word daarenteen myns insiens algemeen deur die Afrikaanse spraakgemeenskap beoordeel as niebehorende tot Standaardafrikaans.

- Hierdie konflikterende siening van Suidwestelike (Kaapse) Afrikaans laat ernstige vrae ontstaan oor die sosiolinguistiese eenheid van Suidwestelike Afrikaans. Indien die tipiese kenmerke van Suidwestelike Afrikaans deel uitmaak van 'n algemene Standaardafrikaans, maar dié van Kaapse Vernakular-Afrikaans nie, laat dit twyfel ontstaan of Suidwestelike Afrikaans hoegenaamd 'n strukturele eenheid vorm en in sy geheel te onderskei is van Oostelike Afrikaans.

- Samevattend ontstaan die vraag dus of daar nie 'n verdeling regdeur Suidwestelike Afrikaans loop wat die twee uiterste dele verskillend laat uitval ten opsigte van Oostelike Afrikaans en dus ook van Standaardafrikaans nie. Indien dit wel die geval is, sou daar kwalik van 'n enkele, onderskeie Suidwestelike Afrikaanse dialekbundel sprake kon wees. Die verhouding tussen “Suidwestelike Afrikaans”, “Kaapse Afrikaans” en “Oostelike Afrikaans” is dus onduidelik gedefinieer. Die strukturele verwantskap tussen 'n Algemene Kaapse Afrikaans en Kaapse Vernakular-Afrikaans aan die een kant, en Oostelike Afrikaans en Standaardafrikaans aan die ander kant moet waarskynlik eerder in terme van 'n kontinuumperspektief gesoek word wat sowel geografiese as sosiale determinante vertoon (vergelyk in hierdie verband die werk van Roberge, 1994).

Onderliggend aan die verskillende sienings van Ponelis en Van Rensburg lê myns insiens uiters belangrike kwessies waaroor groter duidelikheid verkry sal moet word ten einde die samehang van die historiese variëteite van Afrikaans ten volle te begryp. Hierdie kwessies word hieronder uiteengesit:

- wat is die taalkundig onderskeidende kenmerke van Kaapse Afrikaans;
- wat is die verhouding tussen Kaapse Afrikaans en Standaardafrikaans; en
- wie is/was die sprekers van Kaapse Afrikaans?

Voordat hierdie vrae nie bevredigend beantwoord word nie, is dit nie duidelik in watter mate die sienings van Ponelis en Van Rensburg enigsins met mekaar verband hou nie. Voorts verskaf nie een van die twee navorsers genoegsame stawende inligting vir hul sienings nie. Sonder sodanige primêre data bestaan die gevaar dat die huidige situasie ten opsigte van variasie in Afrikaans maar net vanuit 'n historiese perspektief geherinterpreteer word.

In die brandpunt van bogenoemde onduidelikhede staan die geïdentifiseerde tussengebied. Die beroep van Van Rensburg op Ponelis se variëteitsbeskouing van Afrikaans verhul die onduidelikhede rondom die vermelde tussengebied dus net in verdere duister.

### 3.1.3 C.J. van Rijn

Ook die uiteensetting van Van Rijn waarop Du Plessis (1987a:108 e.v. en 1987b:142 e.v.) hom beroep, laat vrae ontstaan oor die definiëring van die variëteite Kaapse Afrikaans en Oosgrensafrikaans wat hul verhouding tot die vermelde tussengebied betref. Volgens Van Rijn (1914:9 e.v.) is daar in die Kaapse Skiereiland en die Boland min of meer gelyktydig met die tydperk waarin die driedeling van Afrikaanse variëteite histories deur Van Rensburg geplaas word, twee variëteite van Kaaps-Hollands gepraat. Die blanke inwoners van veral Kaapstad, die Paarl en Stellenbosch het hulle van Burgerhollands bedien, terwyl Kleurlinghollands die taal van die laer arbeidersklasse was. Dit is

belangrik om daarop te let dat die twee variëteite wat Van Rijn onderskei, volgens hom saamval met etnies-sosiale faktore.

In die breë indelings van Van Rensburg en in mindere mate ook van Ponelis word hierdie variasie wat volgens Van Rijn so skerp was dat hy dit as afsonderlike variëteite tipeer, ontken deur 'n sambreelterm soos Kaapse Afrikaans. Daar sou natuurlik geredeneer kon word dat die term "Kaapse Afrikaans" nie verwys na die taal van al die inwoners van die Kaap en Boland nie, maar meer bepaald na wat Van Rijn Kleurlinghollands noem. So 'n skuif stel die probleem egter nie reg nie, daar die benaming Oosgrensafrikaans en die geografiese posisionering daarvan, saamgelees met die begrip "Kaapse Afrikaans" 'n kultureel belangrike segment van die Afrikaanse taalgemeenskap rondom 1800 gewoon verswyg.

Van Rijn verwys ook nog na 'n derde variëteit, naamlik Boerehollands. Dit, beweer hy, het as gevolg van afsondering ontwikkel en hy stel dit gelyk aan "Afrikaans". Du Plessis (1987b:145) interpreteer hierdie bewering van Van Rijn asof die terme "Boere-Hollands" en "Oosgrensafrikaans" na dieselfde variëteit van Afrikaans verwys. (Gewoon geografies gesien, was die gebied agter die eerste Bolandse bergreekse wat volgens Van Rensburg Kaapse Afrikaans begrens, reeds afgesonderd genoeg om dit tot gebied te maak waarin Boerehollands gepraat sou kon gewees het.)

Volgens Van Rijn (1914:21) en ook Du Plessis (1987b:146) was die GRA-kampvegters ten gunste van Boerehollands. Du Plessis (1987b:146) sê van hierdie Boerehollands dat Van Rijn "die GRA-optrede vir Transvaalse (sic) Afrikaans wil toe-eien". Hieruit sou afgelei kon word dat die omgangstaal van die gewone burgers in die gebied van Kaapse Afrikaans wesenlik Boerehollands was, of dan 'n vorm van Afrikaans was wat nie wesenlik kon verskil het van wat Van Rensburg Oosgrensafrikaans noem nie. Du Plessis (1987b:145) beweer ook in sy uiteensetting van Van Rijn dat Boerehollands die taalvorm is wat "na die Oosgrens versprei is".

Hierdie beskouing van Kaapse Boerehollands as wesenlik dieselfde as Van Rensburg se Oosgrensafrikaans vind ondersteuning in 'n insiggewende artikel deur Steyn (1991:28-94) wat handel oor die standaardisering van Oosgrensafrikaans. As hy dit het oor die gewaande eenvormigheid van Afrikaans, beweer Steyn (1991:41):

Die Patriot-manne het – wat nie verbasend vir hulle tyd was nie – alleen gedink aan die Oosgrens-variëteit (Afrikaans van Afrikaners, kan mens feitlik sê); variëteite soos Kaapse Afrikaans en Oranjerivier-Afrikaans wat groot getalle nie-Afrikaners as sprekers het, het buite beskouing gebly.

Oor die standaardisering van Afrikaans wys Steyn (1991:42) daarop dat die invloed van die "Kapenaars" so groot was dat Preller en andere daarvoor moes

kla omdat 'n bepaalde spellingkommissie aangestel is "uit manne afkomstig uit éenselfde omtrek van die Kaapse Westelike Provinsie, wat uiteraard nie vertrouwd kan wees met die ganse Afrikaanse spraakgebied in al sy verskeidenheid, soos minstens een van hulle self erken het ..." (Preller, 1928:10).

Steyn (1991:43) verklaar onomwonde dat Kaapstad 'n belangrike kommunikasiesentrum was en dat Kapenaars daarom soms die toon aangegee het in taalsake. Hieruit behoort dit duidelik te wees dat, ten minste in die beginjare, die standaardisering van Afrikaans in 'n hoë mate op basis van 'n Bolandse variëteit van Afrikaans (Van Rijn se Boerehollands dus) geskied het. Dat hierdie Bolandse variëteit groot ooreenkomste met "Oosgrensafrikaans" moet vertoon het, is hoogs waarskynlik, anders sou Van Rensburg nooit daarop aanspraak kon maak het dat Standaardafrikaans gebaseer is op 'n unieke Oosgrensvariëteit van Afrikaans nie.

Hierdie gegewens van Steyn plaas reeds 'n vraagteken agter hierdie beskouing van Van Rensburg, of dan minstens agter sy definiëring van Oosgrensafrikaans as te onderskei van die taal van die westelike trekboer- en vryburgergemeenskap.

Weer word dit duidelik dat die siening van Du Plessis/Van Rijn eintlik nie te rym is met dié van Van Rensburg nie. Die spreekwoordelike vlieg in die salf is weer eens die taalgebruik van die tussengebied asook dié van die burgery in die Boland.

#### **4. Samevattend**

Die beskouing dat daar rondom 1800 moontlik drie variëteite van Afrikaans sou kon bestaan, word nie sonder meer in twyfel getrek nie. Daar rus egter 'n verpligting op enige navorser wat dit as hipotese stel om dit met talige evidensie te ondersteun ter wille van 'n juiste uiteensetting van die geskiedenis van Afrikaans.

In hierdie stadium van die hipotesestelling is die evidensie nog uiters skraps en bly die bestaan van drie duidelik onderskeibare variëteite dus hoogstens 'n interessante moontlikheid. 'n Ernstiger beswaar teen die hipotesestelling soos dit tans geformuleer is, hou verband met die formulering van Oosgrensafrikaans as geografies beperk tot die verre Oosgrens. Oor die taal van minstens die burgerbevolking van die Boland en die bewoners van die tussengebied spreek die hipotese hom tans geensins uit nie. So 'n belangrike seksie van die taalgemeenskap kan nie maar net geïgnoreer word nie. Ook is dit in hierdie stadium nog nie genoegsaam duidelik wie Kaapse Afrikaans gepraat het en wat die linguistiese kenmerke daarvan was nie. 'n Verdere probleem met die integrering van die verskillende beskouings lê daarin dat die historiese sienings van die verskillende navorsers nie altyd te rym is nie. Soms is daar ook onduidelikheid

oor die verband tussen die historiese dieldeling en die toestand in moderne Afrikaans. Dit alles lei daartoe dat die onsekerhede rondom die vermelde tussen-gebied frapperanter word en om dwingende navorsing pleit.

## Bronverwysings

- De Villiers, Meyer & Ponelis, F.A. 1987. *Afrikaanse Klankleer*. Vierde, hersiene uitgawe. Kaapstad : Tafelberg.
- Du Plessis, H. 1987a. *Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesifieke verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes*. Pretoria : RGN-verslag.
- Du Plessis, H. 1987b. *Variasietaalkunde*. Pretoria : Serva.
- Le Roux, T.H. 1910. *Beschrijvende klankleer van het Afrikaans*. Leiden : Universiteit Leiden. (Doktorale proefskrif.)
- Louw, S.A. 1948. *Dialekvermenging en taalontwikkeling*. Kaapstad : Balkema.
- Muller, C.F.J. 1987. *Die oorsprong van die Groot Trek. Studia originale, 5*. Pretoria : Unisa.
- Ponelis, F.A. 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In: Du Plessis, H. & Du Plessis, T. (reds.) *Afrikaans en taalpolitiek*. Pretoria : HAUM. p. 3-15.
- Ponelis, F.A. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. In: Webb, V.N. (red.) *Afrikaans na Apartheid*. Pretoria : Van Schaik. p. 69-89.
- Preller, Gustav S., Van Bruggen, Jochem & Engelbrecht, S.P. 1928. Ongepubliseerde verslag van die Akademie-kommissie insake die taalvorm. Akademie-Argief, band 1927-28.
- Roberge, Paul T. 1994. *The formation of Afrikaans*. Stellenbosch : University of Stellenbosch, Department of General Linguistics. (Reeks: *Spil plus*, 23.)
- Steyn, J.C. 1991. 'n Voorstudie oor die standaardisering van Oosgrensafrikaans. In: Van Rensburg, M.C.J. *Finale verslag: hedendaagse Oosgrensafrikaans*. Ongepubliseerde RGN-verslag. p. 28-94.
- Van Rensburg, M.C.J. 1984. *Die Afrikaans van Griekwas in die tagtigerjare*. RGN-verslag.
- Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. In: Botha, T.J.R. (hoofred.) *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria : Academica. p. 436-467.
- Van Rensburg, M.C.J. 1990. *Taalvariëteite en die wording van Afrikaans in Afrika*. Bloemfontein : Patmos.
- Van Rensburg, M.C.J. 1991. *Finale verslag: hedendaagse Oosgrensafrikaans*. Ongepubliseerde RGN-verslag.
- Van Rijn, C.J. 1914. *Het zeer nauwe verband tussen het Afrikaans en het Nederlands*. Kaapstad : Deur skrywer self uitgegee.
- Von Wielligh, G.R. 1925. *Ons geselstaal*. Pretoria : Van Schaik.
- Webb, V.N. & De Villiers, A. 1985. Standaardafrikaans: Chomskities of Laboviaans? In: Grieshaber, N.J. & Venter, J.L. (reds.) *Kongresreferate, Linguistevereniging van Suider-Afrika, 21 ste Nasionale Kongres, Universiteit van Natal*. Pietermaritzburg : Linguistevereniging van Suider-Afrika. p. 192-208.